

**14 September**

**Skrifgedeelte: Filippense 3:20-4:23 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Filippense 3:20-21; 4:5b (OAV)**

### **Hemelvaart- Die HERE is naby**

As jy werklik glo die Here is naby, is hierdie woorde nie 'n vergesig nie, maar 'n wonderlike gesig – die Here is naby! As 'n mens glo, sal jy die uitwerking van die Here se nabyheid van oomblik tot oomblik ondervind, iets wat die soldate van Filippi ook moet ondervind het. 'n Mens moet onthou dat die meeste van die mense in Filippi oudsoldate en Romeinse burgers was, al het hulle in die Griekse stad Filippi gebly. Hulle was dus gewoon daaraan dat hulle burgerskap van 'n ander plek gehad het as die plek waar hulle gebly het. Die versekering van die Here se nabyheid word reeds ingelei aan die einde van Hoofstuk 3 met 'n verduideliking van wat die ware burgerskap van ons as gelowige inhou, naamlik “ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook ons Verlosser verwag, die Here Jesus Christus ...” Wat verder volg, maak die ondervinding van die hemelse burgerskap en die nabyheid van die Here soveel ryker, “want Jesus sal ons vernederde liggaam van gedaante verander om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam, volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.”

Hoe wonderlik is dit nie, die Here maak die Filippense se ondervinding van burgerskap nou 'n hemelvaartondervinding deur vir hulle te sê: “Nee, julle is ook nie burgers van Rome nie, daar waar julle paspoorte vandaan kom nie. Néé julle dra 'n hemelse paspoort. Dit is gestempel deur Jesus Christus self. Dit is die Jesus wat werklik hier naby julle is.” Die hemelse paspoort is nie met ink gestempel nie, maar Jesus het ons lewe met sy bloed gestempel. Hy wat ons met sy bloed gekoop het, het ons deur sy bloed hemelse burgers gemaak, nie net vir die toekoms nie, maar nou alreeds. Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees het hierdie groot verandering in ons lewe gebring en alles vir ons moontlik gemaak. Ons eie hemelvaart het dus eintlik ook al begin.

*Sing: Psalm 145:10,11 Ds PJ Venter (Dendron/Magalakwin)*